STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

# NUUSBRIEF IPHEPHANDABA NEWSLETTER

UITGAWE 73- 2021 • EDITION 73- 2021

# *Van die Burgemeester*
# *From the Mayor*

Liewe Inwoners

## **Oudituitslae**

***Ek wil graag begin met lekker nuus vir u!***

***Die oudituitslae vir 2019/2020 was effe vertraag as gevolg van COVID en die streng inperkingsmaatreëls van verlede jaar. Ek is egter baie bly en trots om vir u te kan sê dat ons 'n skoon oudit gekry het vir die 2019/2020 finansiële jaar. 'n Skoon oudit beteken dat al ons papierwerk en administratiewe funksies in orde is soos dit deur wetgewing voorgeskryf word. Soos altyd, beteken dit glad nie dat ons perfek is nie, maar wel sê dat u belastinggeld goed of reg spandeer word. Ons streef altyd daarna om beter te doen, in ons interne en eksterne dienslewering.***

Ek wil die Munisipale Bestuurder, Geraldine Mettler, en ons Hoof Finansiële Beampte, Kevin Carolus, en hulle spanne bedank vir al die harde werk om seker te maak ons sake loop vlot. Ek weet dit is nie elke dag maklik nie, maar julle harde werk en toewyding aan die inwoners van die breër Stellenbosch is 'n riem onder die hart!

## **Titelaktes**

Nog goeie nuus is dat ons steeds voortgaanmet die uitdeel van titelaktes regoor ons munisipale gebied. Ek het onlangs van deur-tot-deur gegaan in die

Dear Residents,

## **Audit Outcome**

***I want to kick off with some good news for you!***

***The Audit Outcome for the 2019/2020 financial year was slightly delayed due to COVID and the strict lockdown measurements of last year. I am however very proud and happy to say that we received a clean audit for the 2019/2020 financial year. A clean audit means that all our paperwork and administrative functions are in order as prescribed by legislation. As always this does not mean that we are perfect, but that your rates and taxes are used and applied properly. We are always working and striving to do better, internally and externally.***

I want to thank the Municipal Manager, Geraldine Mettler, and our Chief Financial Officer, Kevin Carolus, and their teams for the hard work to ensure we do our best. I know that this is not an easy task but your hard work and dedication to the residents of the greater Stellenbosch is truly a great comfort.

## **Title Deeds**

More good news is that we are continuing with the handing over of title deeds across our municipal area. I recently went door-to-door in the Cloetesville area to personally hand over title deeds to some of the older beneficiaries, some of whom have been



*Uitvoerende Burgemeester/ Executive Mayor*
**021 808 8002**
mayor@stellenbosch.gov.za

**Let's Fix It**

**Please report all** water, electrical, roads, stormwater, refuse removal and area cleaning issues to the Municipality directly:

**Stellenbosch / Klapmuts / Kayamandi / Jamestown / Raithby**
021 808 8215 / 8953 / 8343

**Dwarsrivier Region / Franschhoek**
021 808 8632

**AFTER HOURS FOR ALL REGIONS**
021 808 8890 / 8891

Alternatively, send an email to engineering.services@stellenbosch.gov.za or ***WhatsApp*** us on **0769510768**

**If we don't know about it, we cannot fix it!**

STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

Cloetesville-area om persoonlik historiese titelaktes aan van die ouer begunstigdes, wat al omtrent 40 jaar wag, te oorhandig. Ons het sedert 2016 reeds meer as 2100 titelaktes oorgegee aan die geregmatige begunstigdes. Baie van die aktes was histories van aard, met ander woorde projekte wat al dekades terug voltooi is. Ons het die afgelope paar jaar regtig hard gewerk om veral die historiese agterstand aan te spreek en uit te wis. Dit breek eenvoudig my hart wanneer ons met die historiese aktes werk en hoor van mense wat intussen afgesterf het sonder dat hulle ooit hulle huis self besit het. Ek kan nie help om saam met die oom of tannie te huil wanneer hulle met dankbaarheid die stukkie papier ontvang wat hul vir die eerste keer eienaars van eiendom maak nie. Dis van onskatbare waarde en bly vir my ‘n prioriteit.

**Tuinkompetisie**

Ek speel al ‘n rukkie rond met die idee vir ‘n tuinkompetisie. Ek is self ‘n kranige tuinier en wanneer ek die tyd het woeker ek te lekker in die grond. Wanneer ek in ons gemeenskappe rond beweeg verwonder ek my aan die pragtige, innoverende en unieke tuine wat mense plant en onderhou. Selfs inwoners wat nie noodwendig baie spasie of groot erwe het nie, maak die mooiste en merkwaardigste tuine. ‘n Tuin, klein of groot, maak ‘n reuse verskil aan die inwoners wat naby dit bly en help met die mooimaak van ons dorpe. Dit skep trots en moedig ander inwoners aan om ook trots te hê in waar hulle bly. Daarom wil ons graag ‘n tuinmaakkompetisie hou!

Ons werk nog aan die besonderhede en presies hoe ons dit gaan aanpak, maar begin solank beplan en woeker. Lente is om die draai en met die goeie reënval sover, weet ek dat die inwoners met groenvingers se hande reeds jeuk om weer in die grond te krap. Kyk uit op al ons nuusblaaie vir inligting. Ek kan nie wag om al die mooi skeppings, klein en groot, te kom besoek nie.

**Ereburgerskap – Jaap Durand**

Ek het onlangs die ongelooflike voorreg gehad om ereburgerskap aan Professor Jaap Durand te oorhandig. Professor Durand is ‘n legende in die akademiese en teologiese wêreld. Hy is ‘n Alumnus van die Universiteit Stellenbosch en het bekendheid verwerf tydens sy jare by die Universiteit van Wes-Kaapland as Visie-Rektor. Professor Durand is ‘n bekende anti-apartheidsaktivis wat hom daarop toegespits het om ‘n meer inklusiewe akademiese omgewing te bou vir studente en akademici by UWK. Hy is ook mede-outeur van die Belhar Belydenis wat vandag deur gereformeerde kerke regoor die wêreld gebruik word.

Professor Durand is deur lede van die burgerlike organisasie #MyStellenbosch genomineer vir ereburgerskap en na al die voorskrifte van die munisipale beleid nagekom is, was dit my groot voorreg om die eerbewys aan hom te oorhandig. Ons wou graag ‘n meer formele geleentheid aan die Durand gesin bied, maar as gevolg van COVID-19 en die gepaardgaande regulasies, en in oorleg met die Durand-gesin, het ons ‘n intieme, COVID veilige geleentheid gehou met slegs Professor

waiting more than 40 years. Since 2016, we have handed over more than 2100 title deeds to the rightful beneficiaries. Many of these deeds are from historical projects, meaning projects that were completed a long time ago, sometimes decades. We have really worked hard these past few years to clear the backlog of deeds. It simply breaks my heart when we deal with historical deeds and learn of people who passed away before they ever had ownership of the homes. I cannot help but cry along with the beneficiaries when they gratefully receive that piece of paper that transforms them into the owners of their own property. It is of immeasurable value and remains a priority for me.

**Gardening Competition**

I have been playing around with the idea of having a gardening competition. I am also an enthusiastic gardener and when I have time I love digging around in the soil. When I go around in our communities, I am in awe of the beautiful, innovative and unique gardens that our residents have planted and are maintaining. Even residents who have limited space have created the most amazing and remarkable gardens. A garden, large or small, makes a huge difference to the residents who live nearby and helps with the beautification of our towns. It creates pride and encourages residents to also have pride in where they live. That is why we want to have a gardening competition.

We are still working on the details and how exactly we will go about it but now is as a good a time as any to start planning and working. Spring is around the corner and with the excellent rainfall we have had thus far, I am convinced that our residents with green thumbs cannot wait to start digging. Keep an eye on our social media and news pages for more information. I cannot wait to see all the unique creations, large and small!

**Honorary Citizenship – Jaap Durand**

I recently had the honour to award honorary citizenship to Professor Jaap Durand. Professor Durand is a legend in academic and theology circles. He is an alumnus of the University of Stellenbosch and gained recognition during his time at the University of Western Cape as Vice Rector. Professor Durand is a well-known anti-apartheid activist that focussed on creating a more inclusive environment for students and academics at UWC. He is also co-author of the Belhar Confession that is used by churches across the world.

Professor Durand was nominated for honorary citizenship by members of the civil society organisation, #MyStellenbosch. Upon completion of all the prerequisites as stipulated in our municipal bylaw, it was my great privilege to bestow this honour on him. We wanted to have a more formal ceremony for the Durand family but due to COVID-19 and the accompanying regulations, and in consultation with the Durand family, we conducted an

Durand, sy seuns. Professor Durand is enig in sy soort en 'n ware legende. Ons is baie bevoorreg om hom as inwoner te hê en is hom ewig dankbaar vir sy bydrae aan die bou van ons land.

**Vrouemaand**

Augustus is Vroue Maand en 9 Augustus was Nasionale Vrouedag. Op die dag herdenk ons die krag en moed van die vrouens van Suid-Afrika. Ons onthou ook die vroue van verskillende agtergronde wat bymekaar gekom het om protes aan te teken teen die apartheidsregering van destyds. My wens vir elke vrou is dat sy haar innerlike haar krag sal vind, en daardie enorme krag sal gebruik. U kan 'n groot verskil maak in u eie klein kring of in u gemeenskap.

'n Paar terug het ek 'n boek deur Richard Templar gelees getiteld : "The Rules to break". Daarin vertel hy van sekere sogenaamde reëls wat die samelewing ons probeer wys maak en hoe ons sekere van hierdie reëls moet breek, byvoorbeeld: "Mistakes are a bad thing" – Nee, "Mistakes can be good", en "Success is a good job, earning lots of money". Nee, "Success is what YOU say it is", en die beste een van almal!: "If you are in the firing line, keep your head down"- Nee!, "They can't walk all over you unless you are lying down" . Dis baie nodig dat ons daai boksies waarin mense dink ons hoort bietjie uit skop, en ons eie definisies van geluk en sukses begin skep, en nie jaag na wat ander mense dink dit moet wees nie. Mag hierdie Vrouemaand vir u 'n revolusie te weeg bring vol krag en moed!

**Protes en Geweld Elders**

Terwyl ek die nuusbrief skryf, kom die nuus in van die geweld en plundertogte in Kwazulu-Natal en Gauteng. Ek kan nie anders as om trane af te vee terwyl ek aan die inwoners dink wat in vrees leef nie. Dit kan net so vinnig hier ook gebeur. Ek doen 'n beroep vir kalmte en vrede van al ons inwoners. Praat eerder voor geweld enigsins oorweeg word. Dit is NOOIT 'n opsie nie. Die impak van hierdie onwettige optrede is grootskaalse werkloosheid en verdieping van armoede.

Wees asseblief veilig.

**COVID-19**

Ek weet almal sug wanneer hulle die woorde sien of hoor, maar dit is ons realiteit. Die afgelope paar dae en weke word ons verswelg deur die uitwerking en die nuus oor die derde golf infeksies wat ons getref het. Ons het nog geliefdes verloor, plaaslike besighede het gesteier onder die ekonomiese druk en beperkings en soms het dit effe moeilik gevoel om optimisties te bly. Daar is egter lig aan die einde van die tonnel! Al hoe meer mense word elke dag ingeënt en al meer inentings word beskikbaar gemaak. Tans word almal, 35 jaar en ouer ingeënt. Ek het self reeds my eerste inenting ontvang, ek kan u verseker dit is maklik en moeiteloos. Asseblief, ek wil elke inwoner wat kwalifiseer vra om so gou moontlik ingeënt te word. Dit is die enigste manier wat ons die kurwe van infeksies sal kan laat

intimate ceremony with only Professor Durand and his sons present. Professor Durand is one of a kind and a true legend. We are very honoured to have him as a resident and will be forever grateful for his contribution to our country.

**Women's Month**

August is Women's Month and the 9th of August was National Women's Day. On this Day we commemorate the power and courage of the women of South Africa. We also remember the women from various backgrounds who came together to protest the then apartheid government. My wish for every woman is that you shall find your incredible inner strength and use it. You can make a huge impact in your own circle or community.

A few years ago, I read a book by Richard Templar titled: The Rules to break. In that book, he tells of so called rules society is trying to teach us and how it is necessary for some of these rules to be broken, for example: "Mistakes are a bad thing" – No, "Mistakes can be good", and "Success is a good job, earning lots of money". No, "Success is what YOU say it is", and the best one of all: "If you are in the firing line, keep your head down"- NO, "They can't walk all over you unless you are lying down". It is essential that we break out and step away from these little boxes people are trying to put us in and that we define and create our own definitions of success and happiness. Let's not chase other people's expectations for us. May this Women's Month bring about a revolution of power and courage for you!

**Protest and Violence**

While I am writing this newsletter, the news about the looting and violence in Kwazulu-Natal and Gauteng is coming through. I am just so overwhelmed and I am wiping away the tears as I think about the residents living in fear. It can happen just as quickly here as well. I ask all our residents for peace and calm. Please, rather talk to us before violence is considered. It is NEVER an option. The senseless looting will have massive repercussions and will lead to increased poverty and joblessness.

Please stay safe!

**COVID-19**

I know everybody kind of sighs when they hear or see these words, but this is our reality. The past few days and weeks we have been overwhelmed by the impact and the news of the third wave of infections. We have lost more loved ones, local businesses are struggling with the economic pressures and lockdown regulations and at times it has been really difficult to stay optimistic. There is however some light at the end of the tunnel. More and more people are being vaccinated and more and more vaccinations are being made available. At the moment, all persons who are 35 years and older can be vaccinated. I myself received my first vaccination and I can assure you it is easy and effortless. I want to urge every

afplat en so hou. Dis ook die beste manier om te verseker dat mense nie ernstig siek word of in die hospitaal beland nie.

Ek hoop regtig dat na meer as 'n jaar, inwoners die gevare van COVID sal besef en ernstig opneem. Dra asseblief u masker, ORAL waar u rondbeweeg buite u woning en was/reinig gereeld u hande. Dit is die mees effektiewe voorkomingsmaatreëls tot tyd en wyl ons almal ingeënt kan word. Hou gerus ons sosiale mediablaaie dop vir inligting oor inentingstye en plekke in die streek asook enige kommunikasie rondom wie kan gaan vir inentings. Soos ons die inligting ontvang vanaf die Departement van gesondheid, maak ons dit aan u beskikbaar.

Kom ons help mekaar ook om gesond en veilig te bly deur maskers te dra. Ek wil ook uit my hart dankie sê vir al die mediese personeel wat onverpoos werk en nie moed opgee nie. Ons bewonder julle!

Bly asseblief veilig en kyk mooi na uself en u gesin.

*Beste Wense*
*Burgemeester Gesie*

resident that is eligible to please get vaccinated as soon as possible. This is the only way we will be able to flatten the curve of infections and keep it down. It is also the best way to ensure people do not get seriously ill or end up in hospital.

I really hope that after more than a year, residents realise the dangers of COVID and that you will take it seriously. Please wear your mask when leaving your house and wash or sanitize your hand regularly. These are the most effective preventative measures until we can all be vaccinated. Keep an eye on our social media pages for communications and information with regards to vaccination times and places in our region as well as any communication about eligibility for vaccination. As we receive the information from the Department of Health we will make it available to you.

Let's help one another stay safe and healthy by wearing our masks. I would like to thank all our medical staff who have been working non-stop and who have not given up hope. We admire you!

Please, stay safe and please take care of yourself and your family.

*Best Wishes*
*Mayor Gesie*